# Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 21 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 22 AUG 2025



**23 AUG** WISKUNDE: NAUTILUS

**27** BELLISSIMA

**5 SEP** KULTUUR DINEE EN SPORT

**Volg JF SOSIALE MEDIA**

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

2025

# Augustus

# DAGBOEK DIE DATUM:




DO | VR | SA | SON

7 | 8 | 9 | 10

14 | 15 | 16 | 17

Tennis:Marilie Moolman Toernooi

BYBELOLIMPIADE: BEKENDSTELLING OLIMPIADE:BYBEL

Rugbyliga :Finaal

20

GR.8: LOJALITEIT

Tennis: (seuns) - SPS Brandfort(T)

Tennis: (Meisies) - Zastron(T)

FAK: TIENERSTONEEL

JF FJ

21 | 22 | 23 | 24

Gr 11: Persoonlikheidsontwikkelingkamp

Tennis: Sentraal-Toernooi

WISKUNDE: NAUTILUS

KOSKASDAG

Rugby: Koviesliga

OPPITONGAF: NASIONAAL OPPITONGAF: NASIONAAL OPPITONGAF: NASIONAAL

25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31

Geloof

GR 12: REKORDEKSAMEN

BELLISSIMA: KONSERT

SKAAK-LIGA

Rugby: Koviesliga

OPPITONGAF: NASIONAAL OPPITONGAF: NASIONAAL




SPORT & KULTUUR DINEE
5 SEPT 2025



# UIT DIE HOOF SE KANTOOR




*'n JF- Leerder wat lojaal is teenoor sy/haar skool:*

- is trots op JF.
- neem entoesiasties aan buitemuurse aktiwiteite deel .
- ondersteun mede-leerders se aktiwiteite lojaal al is dit moeilik.
- daag op by skoolaktiwiteite in skooldrag.
- weerhou hom/haar van negatiewe gesprekke oor JF.
- praat nooit sleg van medeskoliere of personeel nie.
- dra sy/ haar skooldrag korrek en met trots.
- hou die skoolterrein netjies.
- konsidereer mede Jim Fouché leerders en hulle gevoelens.
- weerhou hom/haarself van neerhalende en negatiewe gesprekke oor mede Jim Fouché leerders.

# JF LEEF MET Waarde

WAARDE VAN DIE WEEK




## "if you want loyalty, get a dog"

**Enige diereliefhebber sal sekerlik saamstem. Ons viervoetige kinders is ver seker van die beste voorbeelde van liefde en lojaliteit uitbeeld.**
**Ons samelewing het egter 'n tekort aan mense met ingeboude waardes wat dit eerlik en ononderhandelbaar.**

**Ware lojaliteit soek nie erkenning vir sy optrede nie en kan ook nie met geld gekoop of omgekoop word nie. Mense gee sommer maklik op met 'n verhouding as daar nie iets in 'n verhouding is waarby hulle kan baat vind nie.**

**Mooiweersvriende, verdwyn gou wanneer jy 'n krisis in die gesig staar. So 'n vriendskap het dan nie oor die hondjie gegaan nie, maar oor die halsbandjie.**

**Die wete dat ons almal onvolmaak is, help dat jy in liefde en aanvaarding verby jou medemens se foute kan kyk en in lojaliteit by iemand kan staan. Al kos dit jou iets.**

**1 Petrus 4.8 – "Die belangrikste van alles is dat julle mekaar onselfsugtig moet liefhê. Sulke liefde maak baie sondes toe."**
**Spreuke 17.17 – "Op n vriend se liefde kan jy altyd reken; jou broer is daar met die oog op jou nood"**

**God het ons ook lief met 'n troue liefde, Hy is 'n lojale God. Ons stel Hom telkemale teleur, maar Hy sal ons elke keer vergewe en steeds getrouheid aan ons bewys.**

**Nou sit jy dalk en wonder, wie is my lojale vriende? Vra terselfdertyd jouself ook: Is èk 'n lojale vriend, kind, ouer, vennoot?**
**Ten slotte: Wees versigtig indien jy 'n lojale persoon is. Groepsdruk en blinde lojaliteit word maklik teen so 'n persoon gebruik. Stel vir jouself gesonde grense en tree altyd in die waarheid op om jouself te beskerm.**




LOJALITEIT

Week se stukkies





Lojaliteit is een van ons skool se waardes wat nie net by die skool gekweek word nie, maar ook by die huis. Hoe ons van die skool, personeel en leerders praat, affekteer ons lojaliteit teenoor die skool. Hoe ons van familie, vriende en ander mense praat, affekteer ons lojaliteit teenoor hulle.

Ons besef egter dat lojaliteit in verskillende vorme geskied, maar kom ons begin om eers te sê wat lojaliteit is, volgens die internet.

Lojaliteit is iets wat in die bewussyn ontwikkel en wat impliseer dat 'n mens 'n verbintenis nakom, selfs in die lig van veranderende of ongunstige omstandighede. Dit beteken dat jy deur dik en dun iemand getrou bystaan en ondersteun, selfs al stem jy nie noodwendig saam met hulle standpunt nie.

Lojaliteit is ook 'n blywende toewyding aan gevoelens, idees of verpligtinge wat jy aanvaar het. Dit is soos die liefdevolle trouheid van 'n viervoetige vriend wat altyd aan jou sy is of haar lojaliteit toon, ongeag die omstandighede

Daar is egter 'n belangrike verskil tussen lojaliteit en blinde gehoorsaamheid:

## Lojaliteit:

- Lojaliteit verwys na 'n dieper, emosionele verbintenis of toewyding aan 'n persoon, 'n beginsel, 'n organisasie of 'n saak.
- Dit gaan oor getrouheid, eerlikheid en ondersteuning, selfs wanneer daar uitdagings of konflikte is.
- Lojaliteit is 'n aktiewe keuse wat gebaseer is op 'n sterk oortuiging of 'n gevoel van verantwoordelikheid.
- Dit kan 'n positiewe eienskap wees, maar dit kan ook negatief wees as dit blindelings aan iets of iemand toegewy word sonder kritiese denke.

## Blinde gehoorsaamheid:

- Blinde gehoorsaamheid verwys na die onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan 'n bevel, gesag of instruksie sonder om vrae te vra of krities te dink.
- Dit is 'n passiewe gehoorsaamheid, waar 'n persoon nie self oordeel oor die reg of verkeerd van 'n situasie nie.
- Blinde gehoorsaamheid kan gevaarlik wees, veral as dit lei tot onetiese of skadelike optrede.
- Dit word dikwels geassosieer met militêre of outoritêre strukture waarin individuele oordeel en vryheid beperk word.

Lojaliteit is 'n bewuste keuse wat gebaseer is op oortuiging, terwyl blinde gehoorsaamheid 'n onkritiese volg van instruksies is sonder om self te dink.

Lojaliteit en kritiese denke is beide belangrike eienskappe, en die sleutel is om 'n gesonde balans tussen die twee te vind.

*Lojaliteit is ook 'n blywende toewyding aan gevoelens, idees of verpligtinge wat jy aanvaar het.*

# MA'S WAT OMGEE



**Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid en vriendelikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees, deur opregte liefde, deur die woord van die waarheid en deur die krag van God. Ons wapen vir aanval en verdediging is om die wil van God te doen.**

---

**2 KOR. 6 : 6 – 7**

# STUDIEROOSTERS

## Eksamen hulp

- Daar word vir Graad 8 en 9 tydens die Junie, September en November eksamen studieroosters opgestel.
- Graad 10- 12 leerders kan induviduele roosters by LOO2 Terapeute aanvra.
- Leerders kan ook 'n afsrpaak maak om hulp te vra met Studiemetodes, Streshantering en Tydbestuur.

# VAKKEUSES

## Groep indelings

| Verpligte Vakke | Groep 1 | Groep 2 | Groep 3 | Groep 4 |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | Wiskunde | Besigheidstudies | Lewenswetenskappe | Rekeningkunde |
| Engels | Wiskundige geletterdheid | Lewenswetenskappe | Rekeningkunde | Ingenieursgrafika en ontwerp |
| Lewensoriëntering | | Rekenaartoepassings-tegnologie | Rekenaartoepassings -tegnologie | Verbruiker-studies |
| | | Visuele Kuns | Toerisme | Besigheidstudies |
| | | Fisiese Wetenskappe | Ingenieursgrafika en ontwerp | Geografie |
| | | Geskiedenis | | Musiek |
| | | | | Dramatiese studies |

# VAKKEUSES

## Graad 9

- Vanaf Gr 10 -12 neem leerders drie verpligte vakke: Afrikaans (Huistaal), Engels (Eerste addisionele taal) en Lewensoriëntering
- Leerders kies nog drie vakke (een uit elke groep)
- Sommige vakke word in twee groepe aangebied om meer kombinasies moontlik te maak, maar n leerder kan nie dieselfde vak twee keer kies nie.

# VAKKEUSES

## Graad 9

- Leerders ontvang:
  - Aanlegtoets uitslae
  - Biografiese Vraelys
  - Rou punte van die Junie eksamen vir, Wisk, Rek, NW lewe en NW Materie

**Finale vakkeuses word via Google form gedoen, voor 13 Oktober**

# Akademie

# TP TELLING

## Toelatingspunt telling

| PERSENTASIE | Punt |
|---|---|
| 80-100% | 7 |
| 70-79% | 6 |
| 60-69% | 5 |
| 50-59% | 4 |
| 40-49% | 3 |
| 30-39% | 2 |
| 0-29% | 1/0 |

- Die punte wat jy in elke vak kry, wissel van 0 tot 100%.
- Elke punt word 'n telling gegee wat wissel van 1 tot 7, met 7 as die hoogste en 1 as die laagste.
- Byvoorbeeld, as jou punt in Wiskunde 45% is, dan is die puntetelling wat aan daardie punt toegeken word 3.
- Om jou totale puntetelling te kry, tel jy die TP telling van ses (LO word nie getel nie) van jou beste vakke bymekaar.

# SKEINAT KONVENSIE

Baie geluk aan die volgende leerders met hulle uitstekende prestasies by die jaar se Skeinat Olimpiade



# Akademie

# EKSTRAKLASROOSTER

## VERPLIGTE KLASSE SLEGS VIR GRAAD 12

(Dit is vir die voltooiing van sillabusse)

| Vak | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| **Fisiese Wetenskap** | | 06:30 – 07:20<br>Me. M Smit | | |
| **Kuns** | Prakties gr. 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman | | Prakties gr. 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman | Prakties gr. 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman |
| **Lewens-wetenskap** | 13:50 – 14:50<br>Me. J Laning | 13:50 – 14:50<br>Me. A van Rooyen<br>Me. L Vermeulen<br>Me. J Laning | | |

## VRYWILLIGE KLASSE VIR EKSTRA HULP (Alle grade)

| Vak | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Me. L Loubser<br>Me. E Delport | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Me. C Smit<br>Me. E Delport | Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. L Loubser<br>Me. E Delport | Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. C Smit<br>Me. E Delport |
| Fisiese Wetenskap | | Graad 11<br>13:45 – 14:30<br>Me. M Smit | Graad 10<br>13:45 – 14:30<br>Me. A Nel | Graad 12<br>13:45 – 14:30<br>Me. M Smit |
| Lewens-wetenskap | | | Graad 11<br>13:50 – 14:50<br>Me. L Vermeulen | Graad 10<br>13:50 – 14:50<br>Me. V. Gouws |
| Wiskunde | Graad 8<br>13:45 - 14:30<br>Me. A. Nel<br>Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. C. Wagener<br>Graad 10<br>13:45 – 15:00<br>Me. M. van Wyk | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Mnr. J Fourie | Graad 8<br>13:45 - 14:30<br>Me. A. Fourie<br>Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. N. van Staden<br>Graad 12<br>13:45 – 15:00<br>Me. M van Wyk | Graad 11<br>13:50 – 14:30<br>Me. J. Koekemoer<br>Graad 12<br>13:45 – 15:00<br>Me. M van Wyk |

Sielkundige

ontvangss.loo2@jimfouchehs.com



# DIE 7 GEWOONTES VAN EFFEKTIEWE TIENERS.

Sean Covey het 'n baie suksesvolle boek in 1998 gepubliseer met die titel "The 7 Habits of Highly Effective Teens" In hierdie boek fokus hy hoofsaaklik op maniere hoe tieners meer onafhanklik en suksesvol kan wees. Hy som dit op in 7 punte:

### 1.Wees pro-aktief

Om pro-aktief te wees beteken jy moet dink voor jy doen en verantwoordelikheid neem vir die besluite en aksies wat jy neem. 'n Tiener wat effektief en suksesvol wil wees, moet verantwoordelikheid neem vir hul besluite en die gevolge daarvan. So leer mens om die volgende keer anders te dink oor die besluit.

### 2.Begin met die einde in gedagte

Hierdie punt fokus op doelwitte en die uitdaging om verder te dink as net vandag. Suksesvolle tieners stel doelwitte vir hulself en maak planne om die doelwit te bereik.

### 3.Probeer eers verstaan eerder as om te verwag jy moet eers verstaan word

Om te luister is 'n belangrike vaardigheid om in die lewe te leer. Dit sal jou baat in baie omgewings en op die ou einde ook help op jou punt oor te kry as jy luister hoe 'n ander persoon oor iets dink. Probeer aktief luister wanneer mense met jou praat en probeer om nie net te fokus op wat jy volgende gaan sê nie.

### 4.Dink wen-wen

Sean Covey noem in sy boek dat effektiewe tieners 'n "almal kan wen" houding moet hê, Só 'n tiener verstaan die belangrikheid daarvan om 'n spanspeler te wees en die waarde van mense in hulle lewens.

### 5."Synergize"

Hierdie term beteken basies dat jy kreatief saam met ander mense moet kan werk om suksesvol te wees. Met spanwerk en samewerking kan jy groei in baie areas van jou lewe.

### 6."Sharpen the saw"

Rus is nodig om weer skerp te word. In tye van rus kry mens tyd om te evalueer, reflekteer en planne te maak om dinge aan te pak. Rus is 'n belangrike element van welstand.

### 7.Leer prioritiseer

Daar is baie fantastiese dinge om te leer en te doen as tiener, veral by die skool. Saam met dit, moet tieners leer om te prioritiseer en te besluit wat is die belangrikste wat vandag gedoen moet word. As 'n tiener leer prioritiseer, sal tydbestuur ook makliker gebeur.

*Bron: The 7 Habits of Highly Effective Teens, Sean Covey*

1. **Wees pro-aktief**
2. **Begin met die einde in gedagte**
3. **Probeer eers verstaan eerder as om te verwag jy moet eers verstaan word**
4. **Dink wen-wen**
5. **"Synergize"**
6. **"Sharpen the saw"**
7. **Leer prioritiseer**



# Kultuur

## KUNSTE AKADEMIE

***'Every artist was first an amateur' – Ralph Waldo Emerson***

Jim Fouché se Kunste Akademie bied 'n wye verskeidenheid kunsvorms aan. Om deel van die Kunste Akademie te wees moet elke leerder 'n bedrag van R150 registrasie betaal (Karri app). Dit is op Karri of by Juf Ilse (kontant) betaalbaar.

**Vir enige navrae, kontak Ilse Fourie (Kunste Akademie hoof).**
**066 231 9012 (ilsefourie@jimfouchehs.com)**

Die volgende aktiwiteite word aangebied:




| Aktiwiteit | Kontakpersoon / Besonderhede | |
|---|---|---|
| Sang/Musiek Agste vak | Ilse Fourie | 066 231 9012 |
| Klavier, teorie, viool, Ukulele | Belinda Raath | 076 708 1940 |
| Drama | Elizri Malan | 062 023 6958 |
| Kuns | Adéle Opperman-Marais | 082 213 1345 |
| Dans | Santie van Biljon | 078 666 8140 |
| Dromme / Kitaar | Creare | 082 887 3001 |
| Kitaar | Dirk Kotze-Blaauw | 082 855 3186 |













# Baie geluk

aan

## Karabo Lebuso

Wat die Public Speaking kategorie in die distriksvlak deurgedring het na die provinsiale rondte.



# Kultuur

ATKV

## TIENERTONEEL 2025

## UITSLAE

### Streeksfeesfinaal

## WANNEER DIE WIND DRAAI

**Dian van Wyk** word vir beste akteur in 'n hoofrol genomineer.

**Kaylee Coetzee** word vir beste aktrise in 'n hoofrol genomineer.



**Zanél Myburgh en Adelle Froneman** wen beste verhoogbestuurders.





**Hanro Snyman** word as beste klankoperateur genomineer.

**BAIE GELUK!**

# Kultuur



ATKV

TIENERTONEEL 2025

UITSLAE

Streeksfeesfinaal

## WANNEER DIE WIND DRAAI

word vir beste hantering vir tegniese aspekte genomineer.



## BLOEDVAL

word genomineer vir beste ensemble.



BAIE GELUK!



Bellissima
bied aan:
Huis Horison
Kaartjies is op Karri of by Juffrou Ilse (k.1) beskikbaar.
Golden Circle - R120
Gewone kaartjie - R80
Gaan bespreek jou plek by Juffrou Ilse.
18:30
JF-skoolsaal
28 & 29 Augustus 2025





RAAK DEEL VAN DIE

# BOEK KLUB







## BOEK-N'- SELFIE

Boek + selfie = groot "boekloning"

Beste selfie wen!

Beste selfie wen!








Neem 'n selfie saam elke boek wat jy al die jaar gelees het en stuur dit op die boekklub groep om in aanmerking te kom om 'n prys te wen.

# SPORT
## TENNIS

| | | |
|---|---|---|
| 13 Augustus | JF vs DIAMANTVELD | TUIS |
| 20 Augustus | JF vs SPS BRANDFORT | TUIS |
| 27 Augustus | SENTRAAL vs JF | WEG |
| Sep 10, 2025 | ------ | |
| Sep 17, 2025 | JF vs SPS BRANDFORT 2 | TUIS |

## SEUNS

**Tennis seuns derde liga het Woensdag teen Diamantveld verloor met 11 spelle**



# 3de LIGA KW 3

## DOGTERS


| | | |
|---|---|---|
| 6 Augustus | OMS F vs JF | WEG |
| 13 Augustus | SENTRAAL vs JF | WEG |
| 20 Augustus | ZASTRON vs JF | WEG |
| 27 Augustus | JF VS LANDBOUDAL | TUIS |
| Sep 3, 2025 | ST. MICHAEL'S vs JF | WEG |
| Sep 10, 2025 | ------- | |
| Sep 17, 2025 | JF vs SPS BRANDFORT | TUIS |

**Tennis dogters derde liga het Dinsdag teen Sentraal verloor met 31 spelle**

#trotsJF

# SPORT

## TENNIS



### DERDE LIGA

**JF vs. Zastron**

Dogters verloor.

**JF vs. Brandfort**

Seuns wen met 21 spelle.



Die eerste seuns- en dogterspan het aan die Marilie Moolman toernooi te Cradock gaan deelneem.

Die meisies eindig 10de en die seuns 11de in die toernooi.

JF wen die geesbeker.

Minieke Steyn wen die Marilie Moolman trofee.

#trotsJF

# SPORT

## SKAAK

HJ de Villiers het op 15 en 16 Augustus aan die FreeState Closed Skaakkampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem.

Hy eindig 1ste in die o/16-Ope-afdeling.






## PLUIMBAL

Baie geluk aan Giselle van Niekerk en Eben Sander wat in die o/17 Vrystaat-pluimbalspan ingesluit is. Hulle neem van 4-11 Oktober aan die o/17 SA-kampioenskappe deel.



#trotsJF






**Op Saterdag, 16 Augustus het JF-hokkie 'n toernooi vir B & C-spanne aangebied.**

| | |
|---|---|
| 1ste plek | Brebner |
| 2de plek | Saint Michael's |
| 3de plek | JF o/16 B |
| 4de plek | JF o/18 C |
| 5de plek | JF o / 16 C |
| 6de plek | Hoërskool BFN o/16 B |
| 7de plek | Hoërskool BFN o/18 B |
| 8ste plek | Dr. Viljoen |




# STADSLIGA UITSLAE: FINAAL

RUGBY




## 2de in stadsliga




RUGBY

# HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## SPORTBORGE 2025

## RUGBY - NETBAL - HOKKIE

KONICA MINOLTA

Bidvest

KWIKSPAR
GARDENIA

SHC CONSULTING ENGINEERS

STONEY'S
Wheel & Tyre

Oester JF
Die storie agter die stories
Volg ons op



# MENSEHANDEL - BLOEMFONTEIN ÓÓK GETEIKEN

"Dis nie net in slegte gebiede waar kinders kwesbaar is vir mensehandel nie. Enige persoon,in enige plek, selfs in Bloemfontein, kan 'n slagoffer van mensehandel wees." Só sê kaptein Linda Steyn van die Valke.

Die idee dat misdaadgevalle soos mensehandel slegs in groter stede soos Johannesburg en Pretoria voorkom, is 'n bitter gevaarlike wanopvatting.

In 'n potgooi met Mielie FM, het kaptein Bezuidenhout van die SAPD en kaptein Linda Steyn beklemtoon dat inwoners van Bloemfontein nét so op hulle hoede moet wees soos enige ander Suid-Afrikaner.

Steyn en Bezuidenhout is beide van mening dat die grootste oorsaak van mensehandel, ouers of kinders self is wat te veel inligting op sosiale media versprei. Ontvoerders sal vir ure op platforms soos Facebook en Instagram deurbring om hulle perfekte slagoffer te kry.

In baie gevalle is minderjariges onbewustelik in kontak met 'n volwasse.

'n Skrikwekkende statistiek is dat 60% van spelers in die aanlyn kinderspeletjie, Roblox,voorgee dat hulle 'n kind is, maar in werklikheid 'n volwasse is met onsuiwer bedoelings.

"Dit is soos om van 'n spyskaart in 'n restaurant te kies," sê kaptein Bezuidenhout. Volgens hom sit die kliënt dikwels in 'n ander land, en tree die ontvoerder op as die kelner wat die verlangde seun of meisie soos 'n bestelde bord kos gaan haal.

Kaptein Bezuidenhout het inwoners aangemoedig om enige verdagte gedrag aan te meld op die gratis SAPD-toep. Geen informasie is te nietig om te rapporteer nie. Aksie moet onmiddellik geneem word.

Skoolleerders in alle distrikte word aangeraai om waaksaam in die publiek te wees en om twee keer te dink voordat hulle daardie foto op die internet oplaai.

**WAT JY KAN DOEN OM ONTVOERING TE VOORKOM:**

- Verander jou daaglikse roetines en roetes gereeld.
- Moenie persoonlike inligting op sosiale media deel nie.
- Bly bewus van jou omgewing – let op voertuie of mense wat jou volg.
- Sluit altyd deure en vensters, selfs wanneer jy tuis is.
- Vermy donker of afgesonderde areas, veral wanneer jy parkeer.
- Leer kinders om nooit met vreemdelinge te praat of saam met hulle te gaan nie.
- Gebruik 'n paniekknoppie of veiligheidstoep soos die AfriForum-noodknoppietoep of Namola.
- Moenie reageer op verdagte "werksaanbiedings" of "modelleerwerk"-geleenthede nie.

**AS IEMAND WAT JY KEN ONTVOER WORD:**

1. Bly kalm en tree strategies op – moenie paniekerig raak nie.
2. Kontak jou buurtwag, privaat sekuriteit of die SAPD onmiddellik.
3. Verskaf soveel moontlik detail: beskrywing van die ontvoerder(s), voertuig, plek en tyd.
4. Hou foto's en laaste kontakbesonderhede van die slagoffer byderhand.

**NOODNOMMERS:**

Forum Sekuriteit-beheerkamer: 066 142 8437
SAPD: 10111
Ambulans/Brandweer: 10177
Kinderlyn SA: 08000 55 555

**JOU WAAKSAAMHEID KAN 'N LEWE RED!**



Hoërskool
Jim Fouché
bied aan:
20 Sept '25
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar
op Karri en
Quicket
VAT
VLAM
• Bring jou eie piekniekmandjie met kos en drinkgoed
• Kos- en koeldrankstalletjies sal beskikbaar wees
• Groot opelugsokkie
• Hekke open om 17:00
Barto
Kom geniet 'n aand vol musiek en ontspanning

STONEY'S
Wheel & Tyre

Hoërskool
Jim Fouché

# GHOLFDAG

## 2 Oktober 2025

Schoemanpark
Bbs scramble drive (Drive only)

| R 500 per persoon | R2000 per 4-bal span |
| --- | --- |

4 BAL KOSTE SLUIT IN:

- Registrasie
- Middagete
- 'Goodie bag'
- Ligte aandete

VIR NAVRAE, BORGSKAPPE EN INSKRYWINGS KONTAK:
Merice - 082 908 9061
bemarking@jf.co.za

Groot pryse vir almal!!

JF-HOKKIE HOU...

Bob's Gourmet Milkshake Bar

# Milkshake-week

| | |
|---|---|
| 25 Augustus | **Graad 8** |
| 26 Augustus | **Graad 9** |
| 27 Augustus | **Graad 10** |
| 28 Augustus | **Graad 11** |
| 29 Augustus | **Graad 12** |



## Bestellings op Karri

***Regular: R65***
***Large: R85***



## Flavours:

Oreo Kondensmelk
Choc chip cookie dough
Milo
Strawberry candyfloss
Bubblegum candyfloss

Milkshakes wat bestel is kan gedurende pouse op die teerblad afgehaal word.

# Baie dankie aan ons advertensie borge!

Wirulink
Awerbuchs
Toyota
Frogfoot
CTU Training Metro Real Estate
NTT Suzuki
Efficient Group
Akademia
McDonalds
OVK
Free State Paving
FS Apparel
Panarotti's
ChemDry

Build it
OHS Consultants
Impa
Jewel Craft
Itau Animal Feed
Engen
Big Sky Coaches
Handy In
Local Choice Apteek - GardeniaPark
R&L Engineering
Legacy Invest
SA Home Loans
Loots Plumbers
Platinum Global

Baie dankie aan ons advertensie borge!


PETTE R166
VISOR R166
ONDERSTEUNERS
WIT KORTMOU KATOENHEMP
TOPS R580
GOLFERS R340
BREËRANDHOED R230
BUFFS
R100
JF BAND R60
BREËRANDHOED R230
Bestel en betaal op Karri
karri
R80
LIP BALM R30
#TROTSJF

MATRIEKKLAS VAN 2015

JIM FOUCHÉ

# 10 JAAR

# Reünie

**Tien jaar later is hierdie jou kans om weer te lag oor ou stories en nuwe hoofstukke te deel met mense wat weet waar jy begin het.**

Vrydag, 19 September, 17:00

**Informele Piekniek - gratis**

Bring jou eie pousekos en kom kuier informeel saam voor die snoepie.

Saterdag, 20 September, 18:00

**Hoof Reünie - R100**

JF Vat Vlam - Barto vertoning met ons eie kuierarea. Bring eie glase en drinkgoed. Vure & worsbroodjies word verskaf.

**RSVP & BETAAL VOOR 10 SEP**

# LEKKER ETES TEEN BEKOSTIGBARE PRYSE!



**HUIS ANTON VAN WYK BIED VARS, SMAAKLIKE KOSHUISETES ÉN ETES VIR SPESIALE GELEENTHEDE!**

**MIDDAGETE: SLEGS R30**
**AANDETE: SLEGS R50**

**ONS VOORSIEN OOK SPYSKAARTE VIR FUNKSIES, VERGADERINGS EN ANDER SPESIALE OOMBLIKKE.**

## Huis Anton van Wyk

**KONTAK ANNETTE MAARTENS VIR MEER INLIGTING EN BESTELLINGS:**
**084 886 7419**
**ANNETTEMAARTENS@JIMFOUCHEHS.CO.ZA**

**JOU HUIS WEG VAN DIE HUIS!**

# Die Kiepersol

# JF - SNOEPIE

**HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ NOOI GESKIKTE DIENSTEVERSKAFFERS UIT OM TENDERS IN TE DIEN VIR DIE HANTERING VAN DIE SKOOL SE SNOEPIE.**

**ALLE TENDERS MOET VOLLEDIG AS VOLG INGEDIEN WORD:**

| | |
|---|---|
| **Sluitingsdatum** | 1 September 2025, voor 12:00 |
| **Plek** | Hoërskool Jim Fouché<br>H/v Wildeals - & Lilaclaan<br>Gardeniapark<br>Bloemfontein |
| **Bemarkingskantoor** | Vir aandag: Merice Erasmus |

***GEEN LAAT OF E-POS TENDERS SAL OORWEEG WORD NIE. VERPLIGTE BESIGTIGING VAN DIE FASILITEIT VIND OP 25 AUGUSTUS OM 16:00 PLAAS.***

***ENIGE NAVRAE KAN NA BEMARKING@JF.CO.ZA GESTUUR WORD.***

*Meer as 'n skool, dis 'n leefwyse...*

Die Kiepersol









# ANTON VAN WYK



# KOSHUIS

*"huis weg van die huis"*

Anton van Wyk Koshuis

jf_anton_van_wyk_koshuis

jobtaylor690905@gmail.com

**083 566 5369**